Solidariteit Helpende Hand en Bo-Karoo Opleiding
Senior maatskaplike werker: Studente welstand en ontwikkeling
Orania en Bo-Karoo-streek

Solidariteit Helpende Hand en Bo-Karoo Opleiding is op soek na ’n maatskaplike werker vir Orania en omliggende area. Die pos word tussen Bo-Karoo Opleiding en Solidariteit Helpende Hand verdeel.

Bo-Karoo Opleiding is 'n opleidingsinstelling in Orania in die Noord-Kaap; hulle het ongeveer 150 studente. Solidariteit Helpende Hand is 'n niewinsgerigte organisasie (NPO) wat fokus op maatskaplik gebaseerde gemeenskapsontwikkeling.

Minimumvereistes

- 'n Graad of diploma in maatskaplike werk
- Toepaslike kwalifikasie en ondervinding in terapeutiese maatskaplike werk, veral gerig op jong volwassenes
- Registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad van Maatskaplike Diensberoepe
- 'n Geldige rybewys en betroubare voertuig
- Woonagtig in Orania of omliggende area
- Verblyfreg in Orania
- Bereidwilligheid om soms saans en oor naweke te werk
- Kennis van en vaardigheid in gemeenskapsontwikkeling en geïntegreerde dienslewering in ’n maatskaplike konteks
- Goeie begrip van beginsels, etiek en praktyke in die maatskaplikewerk-professie
- Ervaring in die ontwerp en implementering van programme om gemeenskapsbetrokkenheid onder jong volwassenes te bevorder
- Kennis en ervaring van statutêre prosedures
- Die vermoë om in spanverband te werk

Vaardighede en eienskappe wat tot kandidate se voordeel sal strek

- Uitstekende taal- en kommunikasievaardighede, hoofsaaklik in Afrikaans
- Goeie aanbiedingsvaardighede
- 'n Liefde en aanvoeling vir maatskaplike kwessies
- Die vermoë om onafhanklik te werk
- Uitstekende interpersoonlike vaardighede
- Goeie organisatoriese vaardighede

Bo-Karoo Opleiding

Hierdie gedeelte van die pos behels ondersteuningsdienste aan die studente van Bo-Karoo Opleiding en sluit onder andere die volgende in:

- Beradingsessies om studente se emosionele welstand te bevorder
- Effektiewe hantering en ontlonting van trauma
- Ondersteuning met persoonlike en studieverwante uitdagings
- Leiding aan studente en ouers/voogde waar nodig
- Ontwikkeling en fasilitering van toepaslike programme om studente se emosionele ontwikkeling te bevorder
- Betrokkenheid by die fasilitering van die eerstejaars se oriëntering
- Implementering van enige ander dienste wat tot die holistiese gesondheid en ontwikkeling van Bo-Karoo Opleiding se studente sal bydra

Solidariteit Helpende Hand Bo-Karoo-streek

Hierdie gedeelte van die pos behels onder meer die volgende:

- Die ontwikkeling en fasilitering van programme en projekte wat gemeenskapsontwikkeling ten doel het
- Besoek aan die Solidariteit Helpende Hand-takke in die Bo-Karoo om hulle te ondersteun en op te lei in die hantering van maatskaplike kwessies
- Skakeling en netwerkvorming met ander maatskaplike en niewinsgerigte organisasies en alle rolspelers in die Bo-Karoo-gemeenskap
- Die skryf van verslae
- Navorsing oor maatskaplike kwessies rakende Helpende Hand se fokusgroepe
- Die hantering, assessering en verwysing van maatskaplike navrae en hulpversoeke in die Bo-Karoo-streek

---

Indien jy aan die profiel voldoen, klik hier
om voor of op Donderdag 9 November 2023 aanlyn aansoek te doen.

Indien jy nie binne twee weke na die sluitingsdatum vir aansoeke terugvoer ontvang nie, kan jy aanvaar dat jou aansoek onsuksesvol was.